

Sondag 21 November

Skrifgedeelte: Jesaja 49:1 – 50:3

Fokusgedeelte: Jesaja 49:6
(1983-vertaling)

God se redding is nie net tot Israel beperk nie, maar vir al sy uitverkorenes onder die nasies

Jesaja 49:1-6 is die tweede van vier uitsprake oor die dienaar/kneg van die Here. Die vraag is: Wie is dit? Sommige meen dis 'n persoon in daardie tyd – Jesaja of Kores. Tog blyk uit vers 3 dat dit op Israel van toepassing gemaak kan word. Maar in die Nuwe Testament word dit ook op Jesus Christus van toepassing gemaak (vgl. Matt. 12:18-22). Dit is dus duidelik dat Jesaja hier oor Israel, maar ook oor die Messias as Dienaar/Kneg van die Here profeteer.

Vir die verbondsvolk in ballingskap wat begin moed verloor, bring Jesaja hoop, want God wat hulle laat wegvoer het, wil hulle weer terugbring. Ons teksvers wys Jesaja bring nie net hoop vir Israel in ballingskap nie, maar ook vir die nasies. “Ek maak jou 'n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik.” Die Messias as Kneg van die Here sal 'n lig vir die nasies wees as Hy ook vir die uitverkorenes uit die nasies verlossing bring. So het Paulus en Barnabas hulle werk onder die heidene (Hand. 13:47) gesien as 'n vervulling van die profesie dat die Messias lig en verlossing vir die nasies bring.

Vir ons as gelowiges wat ly as gevolg van die chaos van misdaad, geweld, armoede en sedelike verval en wat wonder of God ons nie vergeet het nie, is hierdie 'n boodskap van troos en hoop. Die kneg van die Here, Jesus Christus, verseker ons deur sy Heilige Gees dat soos 'n vrou nooit haar baba sal vergeet nie (vs 15), sal God ons nie vergeet nie. Hy is te midde van die chaos nog steeds met sy gelowiges op pad na 'n nuwe lewe. Maar ons as verlostes kry hier die oproep dat ons uit dankbaarheid die lig van verlossing deur Christus aan die wêreld moet gaan verkondig, sodat al die uitverkorenes daarin kan deel.

Sing: Psalm 98-1:1, 2

Ds. MAF Kruger (Andries) (Alberton)